Saterdag 23 Mei

Fokusgedeelte: Johannes 14:15-24 (AFR83/2020)

Fokusgedeelte: Johannes 14:16

In genade gee die Here aan ons die Trooster (1)

Jesus gaan weg. Vir die dissiples was dit 'n skokkende aankondiging. Hy was immers hulle leier en hulle sy leerlinge. Hulle het so baie van Hom en van die Koninkryk wat Hy bring, verwag. En nou verlaat Hy hulle (Joh. 13:13). Gaan hulle nou soos "weeskinders" agterbly?

Die Here gebruik egter hulle verleentheid as 'n geleentheid om 'n groot aankondiging te maak. Hy gaan weg om vir hulle plek te berei in die Vaderwoning, maar Hy stuur iemand in sy plek om by hulle te bly vir ewig. In genade gee Hy die Trooster. Die woord wat hier gebruik word, is "parakleet" en die woord kan vertaal word met helper, trooster of advokaat. Die "parakleet" staan gelowige mense by in hulle nood. Na die hemelvaart van Christus kom die Heilige Gees op die Pinksterfees om die kinders van die Here by te staan in hulle bestaan in 'n gebroke wêreld. Al het die Koninkryk met Christus se koms naby gekom, is die lewe nog vol onrus en nood.

Jesus roep sy dissipels (en ons ) op om Hom lief te hê en uit liefde sy opdragte uit te voer te midde van die onrus en nood van die lewe hier op aarde. Dit is moeilik, want ons het almal tekortkominge. Ons val in twyfel wanneer ons beproef word, ons raak opstandig as die nood druk en so maklik neem die kleingeloof toe.

Maar die Trooster is by ons en hou ons op koers. Ons het koers in ons krisisse, want Hy vestig ons oog altyd op Jesus Christus, die opgestane Here. Ons weet waarheen ons op pad is, hoekom ons daarheen op pad is en wat ons op die lewenspad moet doen. Neem dus die hand van die Trooster en loop doelgerig.

*Sing: Skrifberyming 8-1:2*

*Prof. JM (Koos) Vorster (Emeritus)*